Die Dekaan bepaal jaarliks watter modules die betrokke jaar aangebied sal word met inagneming van die beskikbaarheid van doserende personeel, ruimte- en finansiële implikasies en/of ander omstandighede. Voorts mag die Dekaan, in oorleg met die betrokke departementshoof, die maksimum aantal inskrywings vir ’n bepaalde keusemodule bepaal aan die hand van die voorgeskrewe riglyne. Die Dekaan mag verder, in oorleg met die betrokke departementshoof, besluit dat ’n MPhil-module nie aangebied sal word waar daar op die eerste dag van lesings vier of minder studente vir die module geregistreer is nie.

In die geval van buitelandse studente kan die Dekaan addisionele vereistes stel en die beskikbare modules vir hierdie studente mag ook beperk word.

Vervanging van modules

Die Dekaan mag op aanbeveling van die betrokke departementshoof ’n student toelaat om een voorgeskrewe MPhil-module vir ’n bepaalde MPhil-program deur ’n ander MPhil-module te vervang waar sodanige uitsondering nie andersins toegelaat word nie en indien goeie rede aangetoon word.

Erkenning van modules wat aan 'n ander instansie voltooi is

Die Dekaan mag op aanbeveling van die betrokke departementshoof 'n student met 'n maksimum van twee modules wat aan 'n ander instelling voltooi is, krediteer mits dit aan die vereistes van hierdie Fakulteit voldoen. Waar sodanige modules nie dieselfde benaming het as modules wat deur hierdie Fakulteit aangebied word nie,

kan krediet in die plek daarvan verleen word aan modules met wesenlik dieselfde inhoud soos deur die betrokke departementshoof bepaal, of, in die afwesigheid van sodanige nou-verwante modules, kan krediet verleen word aan modules wat steeds relevant is binne die breë spektrum van ’n spesifieke MPhil-graad en onder spesiale kodes vir die doeleindes van sodanige graad. Bykomende vereistes mag gestel word alvorens enige sodanige module erken word ten einde voldoening aan die vereistes van hierdie Fakulteit te verseker.

Krediet vir ander grade
Neem kennis dat geen erkenning verleen sal word aan modules wat deel vorm van ’n graad waarvoor die student reeds aan die graadvereistes voldoen het, of waar die student gelyktydig vir meerdere grade geregistreer is nie.

Herregistrasie vir modules
'n Student mag nie meer as twee keer vir dieselfde module registreer nie. 'n Finale punt van 50% moet behaal word ten einde 'n module te slaag.

Doktoraal

DPhil. DPhil. (04260002)

Duur van studie 2 jaar

Programinligting

Indien toegelaat, mag ’n student dadelik vir die DPhil-program registreer. Daar moet vir die volgende twee of drie modules geregistreer word, en dit moet binne een jaar vanaf registrasie voltooi word:

1. Navorsingsmetodologie (RHP 902) wat deur die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word
Die Nagraadse Komitee van die Fakulteit Regsgeleerdheid mag op aanbeveling van die promotor, ’n student van die navorsingsmetodologiemodule vrystel indien die student genoegsame bewys kan lewer dat hy/sy oor die nodige navorsingsvaardighede vir die doeleindes van nagraadse studie beskik.

2. Navorsingsvoorstel en verdediging van die navorsingsvoorstel (RHP 904)
’n Mondelinge verdediging van die navorsingsvoorstel insluitende die toetsing van die geldigheid van die proefskrifstelling, navorsingsvraag of -vrae en argument wat in die DPhil-proefskrif ontleed en ontwikkel sal word. ’n Konsep van die navorsingsvoorstel met inbegrip van ’n bibliografie wat die hoofvelde van die studie dek, asook die gronde vir die proefskrifstelling, navorsingsvraag of -vrae en argument moet minstens drie weke voor die mondelinge verdediging aan die beoordelingspaneel gestuur word. (Die konsepvoorstel moet deur die promotor goedgekeur word voordat dit aldus voorgelê mag word.) Die student moet die paneel oortuig van die geldigheid van die navorsingsonderwerp, kennis oor die navorsingsonderwerp en vermoë om die navorsing te onderneem. Waar die paneel dit verg, moet die voorgelegde konsepnavorsingsvoorstel verder gewysig word in die lig van die kommentare tydens die verdediging daarvan en deur die toesighouer goedgekeur word, voordat die student mag voortgaan met die skryf van die proefskrif. (Geen vrystelling kan van hierdie vereiste verleen word nie.)

’n Student wat nie aan bogenoemde twee modules se vereistes voldoen binne een jaar van registrasie nie, kan van die Fakulteit uitgesluit word. Indien hy/sy hertoelating tot die Fakulteit verlang, kan die Dekaan skriftelik versoek word om sy/haar aansoek om hertoelating tot die Fakulteit ingevolge die voorgeskrewe prosedure te oorweeg.

3. Gestruktureerde Navorsingsvoorstel Voorbereiding (RHP 906) (nie-kredietdraend)
Die promotor mag vereis dat ’n bepaalde student ’n gestruktureerde program volg wat deur die promotor bepaal word en deur die Nagraadse Komitee goedgekeur word. Die promotor mag ook die voldoeningsvereistes vir die module, soos deur die Nagraadse Komitee goedgekeur, voorskryf.

Sien ook Algemene Regulasies G.42-G.56.

Addisionele vereistes

Behoudens die bepalings van die toepaslike Algemene Regulasies, moet ’n kandidaat vir die DPhil-program in besit wees van ’n MPhil-graad of gelykwaardige kwalifikasie.

Buitelandse kwalifikasies is onderworpe aan SAQA-evaluering.

Die Fakulteitsraad mag vrystelling van bogenoemde bepalings verleen.

’n Kandidaat sal slegs tot die DPhil-program toegelaat word, indien hy/sy voldoen aan die standaard van bekwaamheid in toepaslike vakke soos deur die departementshoof bepaal, met inagneming van die kandidaat se akademiese rekord en enige toepaslike ondervinding.

’n Kandidaat sal slegs tot die DPhil-program toegelaat word, indien die Fakulteit ’n geskikte promotor kan voorsien in die lig van die aansoeker se voorlopige navorsingsvoorst

Slaag met lof

Proefskrif en artikel
Die DPhil-graad word toegeken op grond van ’n proefskrif en ’n mondelinge verdediging van die proefskrif. Die onderwerp van die proefskrif moet ’n onderwerp relevant tot ’n studieveld uit die regsgeleerdheid wees, soos deur die Dekaan goedgekeur. (Sien die toepaslike Algemene Regulasie vir die finalisering van die proefskrif.) Die finale kopie van die proefskrif moet vergesel wees van bewys van inhandiging van ’n artikel by ’n geakkrediteerde joernaal. Die artikel moet gebaseer wees op die navorsing wat die student gedoen het, en goedgekeur wees deur die promotor.

Ooreenkoms
’n Skriftelike ooreenkoms moet tussen die student en die promotor onderteken word. Die dokument dien as basis vir die interaksie tussen die student en die promotor. Dit dui op hulle afsonderlike rolle, verantwoordelikhede en verwagtinge en stel dit duidelik dat hulle ’n bindende ooreenkoms met mekaar aangaan. Die promotor dra volle verantwoordelikheid om toe te sien dat die proefskrif behoorlik deur die kandidaat voorberei word.

Mondelinge verdediging
Na die ontvangs van die verslae van die eksterne eksaminatore, moet die promotor ’n mondelinge verdedigingsgeleentheid onder voorsitterskap van die betrokke departementshoof reël, waartydens daar van die kandidaat verwag word om ’n voordrag ter verdediging van die proefskrif te lewer.

LLD Regsgeleerdheid (04260001)

Duur van studie	2 jaar

Programinligting

Registrasie en hernuwing van registrasie
Indien toegelaat, mag ’n student dadelik vir die LLD-program registreer. Daar moet vir die volgende twee of drie modules geregistreer word, en dit moet binne een jaar vanaf registrasie voltooi word:

1. Navorsingsmetodologie (RHP 902) wat deur die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word
Die Nagraadse Komitee van die Fakulteit Regsgeleerdheid mag op aanbeveling van die promotor ’n student van die navorsingsmetodologiemodule vrystel indien die student genoegsame bewys kan lewer dat hy/sy oor die nodige navorsingsvaardighede vir die doeleindes van nagraadse studie beskik.

2. Navorsingsvoorstel en verdediging van die navorsingsvoorstel (RHP 904)
’n Mondelinge verdediging van die navorsingsvoorstel insluitende die toetsing van die geldigheid van die proefskrifstelling, navorsingsvraag of -vrae en argument wat in die LLD-proefskrif ontleed en ontwikkel sal word. ’n Konsep van die navorsingsvoorstel met inbegrip van ’n bibliografie wat die hoofvelde van die studie dek, asook die gronde vir die proefskrifstelling, navorsingsvraag of -vrae en argument moet minstens drie weke voor die mondelinge verdediging aan die beoordelingspaneel gestuur word. (Die konsepvoorstel moet deur die promotor goedgekeur word voordat dit aldus voorgelê mag word.) Die student moet die paneel oortuig van die geldigheid van die navorsingsonderwerp, kennis oor die navorsingsonderwerp en vermoë om die navorsing te onderneem. Waar die paneel dit verg, moet die voorgelegde konsepnavorsingsvoorstel verder gewysig word in die lig van die kommentare tydens die verdediging daarvan en deur die toesighouer goedgekeur word, voordat die student mag voortgaan met die skryf van die proefskrif. (Geen vrystelling kan van hierdie vereiste verleen word nie.)

’n Student wat nie aan bogenoemde twee modules se vereistes voldoen binne een jaar van registrasie nie, kan van die Fakulteit uitgesluit word. Indien hy/sy hertoelating tot die Fakulteit verlang, kan die Dekaan skriftelik versoek word om sy/haar aansoek om hertoelating tot die Fakulteit ingevolge die voorgeskrewe prosedure te oorweeg.

3. Gestruktureerde navorsingsvoorstelvoorbereiding (RHP 906) (nie-kredietdraend)
Die promotor mag vereis dat ’n bepaalde student ’n gestruktureerde program volg wat deur die promotor bepaal word en deur die Nagraadse Komitee goedgekeur word. Die promotor mag ook die voldoeningsvereistes vir die module, soos deur die Nagraadse Komitee goedgekeur, voorskryf.

Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies, moet ’n kandidaat vir die LLD-program in besit wees van ’n LLM-graad of gelykwaardige kwalifikasie van ’n buitelandse universiteit.

Buitelandse kwalifikasies is onderworpe aan SAQA-evaluering.

Die Fakulteitsraad mag vrystelling van bogenoemde bepalings verleen.

’n Kandidaat sal slegs tot die LLD-program toegelaat word indien hy/sy voldoen aan die standaard van bekwaamheid in toepaslike vakke soos deur die departementshoof bepaal met inagneming van die kandidaat se akademiese rekord en enige toepaslike ondervinding.

’n Kandidaat sal slegs tot die LLD-program toegelaat word indien die Fakulteit ’n geskikte promotor kan voorsien in die lig van die aansoeker se voorlopige navorsingsvoorstel.

Navorsing

Die LLD-graad word toegeken op grond van ’n proefskrif en ’n mondelinge verdediging van die proefskrif. Die onderwerp van die proefskrif moet ’n onderwerp uit die Regsgeleerdheid wees, soos deur die Dekaan goedgekeur. (Sien die toepaslike Algemene Regulasies vir die finalisering van die proefskrif.) Die finale kopie van die proefskrif moet vergesel wees van bewys van inhandiging van ’n artikel by ’n geakkrediteerde joernaal. Die artikel moet gebaseer wees op die navorsing wat die student gedoen het, en goedgekeur wees deur die promotor.

Ooreenkoms
’n Skriftelike ooreenkoms moet tussen die student en die promotor onderteken word. Die dokument dien as basis vir die interaksie tussen die student en die promotor. Dit dui op hulle afsonderlike rolle, verantwoordelikhede en verwagtinge en stel dit duidelik dat hulle ’n bindende ooreenkoms met mekaar aangaan. Die promotor dra volle verantwoordelikheid om toe te sien dat die proefskrif behoorlik deur die kandidaat voorberei word.

Mondelinge verdediging
Na die ontvangs van die verslae van die eksterne eksaminatore, moet die promotor ’n mondelinge verdedigingsgeleentheid onder voorsitterskap van die hoof van die departement reël, waartydens daar van die kandidaat verwag word om ’n voordrag ter verdediging van die proefskrif te lewer (sien die toepaslike Algemene Regulasie).

Modules

Arbeidsreg 210 (ABR 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Vir LLB en BA/BCom met spesialisering in regte (a) Inleiding tot die Handelsreg (b) Basiese beginsels ten opsigte van individuele arbeidsreg (c) Algemene beginsels ten opsigte van kollektiewe arbeidsreg (d) Hantering van arbeidsgeskille (e) Arbitrasieprosedures ten opsigte van arbeidsregtelike geskille

Arbeidsreg 311 (ABR 311)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BCom Ekon en Bestuurswetenskappe
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week, 1 tutoriaal per week elke 2de week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Basiese beginsels van die dienskontrak; kollektiewe arbeidsreg (insluitend kollektiewe bedinging en vakbonde). Statutêre diensvoorwaardes; individuele arbeidsgeskille; kollektiewe arbeidsdispute; beslegtingsprosedures.

Arbeidsreg 410 (ABR 410)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week

Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Vir LLB (a) Individuele arbeidsreg (b) Kollektiewe arbeidsreg (c) Hantering van arbeidsgeskille

Fundamentele arbeidsreg 420 (ABR 420)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Vir LLB (a) Reg op billike arbeidspraktyke (b) Reg om te organiseer en te assosieer (c) Reg om kollektief te beding (d) Reg om te staak (e) Reg om nie onbillik ontslaan te word nie

Geakkrediteerde module in menseregte 802 (ACH 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MPhil Opsie: Menseregte en Demokratisering in Afrika
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Sentrum vir Menseregte
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Tydens die tweede semester van die program volg die studente voorgeskrewe akademiese modules by die universiteite waaraan hulle toegewys is en doen internskappe by plaaslike menseregteorganisasies, indien so vereis.

Geakkrediteerde module 802 (ADC 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Internasionale Handels- en Beleggingsreg in Afrika (Gedoseer)

Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Sentrum vir Menseregte
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Gedurende die tweede semester van die program mag ‘n student ‘n toepaslike module by ‘n internasionale instansie voltooi.

Administratiefreg 310 (ADR 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Publiekreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Vir LLB en BAdmin n Oorsig van geregtelike hersiening van administratiewe optrede in die lig van die Grondwet en die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid 3 van 2000, met besondere klem op die omvang van die toepassingsgebied van geregtelike hersiening en die gronde vir geregtelike hersiening.

Afrikaans 110 (AFR 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BDiv Teologie
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans
Akademiese organisasie	Afrikaans

Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Taalkundekomponent: Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde met klem op lees-en skryfvaardigheid. *Letterkundekomponent:* Inleiding tot die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die hand van kortverhale en gedigte.

Afrikaans 114 (AFR 114)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BCom Regte
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Afrikaans vir sprekers van ander tale (1) *No mother tongue speakers of Afrikaans will be allowed to take this module. A subject for advanced learners of Afrikaans. A basic knowledge of Afrikaans grammar and listening, reading, writing and speaking skills are required.

Afrikaans 120 (AFR 120)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BDiv Teologie
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Afrikaans
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Taalkundekomponent: Inleiding tot die Afrikaanse sintaksis, fonetiek en taalgeskiedenis. Letterkundekomponent:Inleiding tot die Romankuns Inleiding tot die Drama

Alternatiewe geskilbeslegting 420 (AGF 420)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Prosesreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Vir LLB Teorie rakende onderhandelings, mediasie en arbitrasie asook die teoretiese en praktiese toepassing daarvan op verskeie regsgebiede soos strafreg, huweliksreg, internasionale reg, arbeidsreg en deeltitelreg.

Toegepaste menseregte 801 (AHR 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MPhil Opsie: Menseregte en Demokratisering in Afrika
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Sentrum vir Menseregte
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

In hierdie module word die beginsels en praktyk van internasionale strafreg bespreek; studente onderneem ook ‘n besoek na en doen verslag oor die situasie in ’n gekose Afrikaland waar hulle blootgestel word aan die praktiese toepassing van menseregte, demokratisering of internasionale strafreg.

Gevorderde internasionale reg 802 (AIL 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Internasionale Lug-, Ruimte- en Telekommunikasiereg (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week

Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Publiekreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Die onderwerpe wat bespreek word, sluit in: (a) Internasionale humanitêre reg (b) Gebruik van geweld (c) Terrorisme (d) Humanitêre intervensie (e) Uitlewering (f) Diplomatieke reg

Akademiese inligtingbestuur 101 (AIM 101)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Programme	BVeterinary Science Veeartsenykunde
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Teologie Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Verkry, evalueer, verwerk, bestuur en bied inligtingsbronne vir akademiese doeleindes aan deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie. Pas effektiewe soekstrategieë toe in verskillende tegnologiese omgewings. Demonstreer die etiese en regverdige gebruik van inligtingsbronne. Integreer 21ste-eeuse kommunikasie met die bestuur van akademiese inligting.

Akademiese-inligtingsbestuur 102 (AIM 102)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Programme	BVerbruikerswetenskap Voedsel: Kleinhandelbestuur

Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Teologie Fakulteit Veeartsenykunde
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Verkry, evalueer, verwerk, bestuur en bied inligtingsbronne vir akademiese doeleindes aan deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie. Pas effektiewe soekstrategieë toe in verskillende tegnologiese omgewings. Demonstreer die etiese en regverdige gebruik van inligtingsbronne. Integreer 21ste-eeuse kommunikasie met die bestuur van akademiese inligting.

Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	4.00
Programme	BDiv Teologie
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Teologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	Mamelodi, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Vind, evalueer, prosesseer, bied inligtingbronne aan en bestuur hulle vir akademiese doeleindes deur die gepaste tegnologie te gebruik.

Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	4.00
Programme	BDiv Teologie
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Teologie Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	Mamelodi, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Pas effektiewe soekstrategieë toe in verskillende tegnologiese omgewings. Demonstreer die etiese en regverdige gebruik van inligtingsbronne. Integreer 21ste-eeuse kommunikasie met die bestuur van akademiese inligting.

Gevorderde verbruikerskredietreg 802 (AML 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Verbruikersbeskermingsreg (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

'n Gevorderde studie oor verbruikerskredietreg.

Gevorderde verbruikersbeskerming 803 (AML 803)

Kwalifikasie	Nagraads

Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Verbruikersbeskermingsreg (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

'n Gevorderde studie oor verbruikersbeskermingsreg.

Internasionale verbuikersbeskerming 804 (AML 804)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Verbruikersbeskermingsreg (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

'n Gevorderde studie oor internasionale verbruikersbeskerming.

Reg en transformasie 410 (AMR 410)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Regsleer
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Vir LLB
Inleidende debat oor die universaliteit en kulturele besonderheid van menseregte; geskiedkundige oorsig oor menseregte in Afrika. Die module fokus op die idee/opvatting van transformasie en ondersoek die teoretiese inhoud asook die praktiese implikasies daarvan. Daar sal van die student verwag word om ondersoek in te stel na ’n transformerende regsleer / ’n regsleer van transformasie te ontwikkel. Die module fokus op die idee/opvatting van transformasie en ondersoek die teoretiese inhoud asook die praktiese implikasies daarvan. Daar sal van die student verwag word om ondersoek in te stel na en 'n transformerende regsleer / ’n regsleer van transformasie te ontwikkel. Kwessies wat aangespreek sal word, behels: Menseregte en demokrasie; Konstitusionele soewereiniteit in Suid-Afrika; die idee/opvatting van transformerende konstitusionalisme; kritiese bemoeienis met transformasie; voorstellings van transformasie.

Aktes en notariële praktyk 410 (ANO 410)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	SAR 310
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Prosesreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Vir LLB (a) ’n Oorsigtelike studie oor die ontstaan en ontwikkeling van die professies van transportbesorger en notaris (b) Statutêre voorskrifte van toepassing op transportbesorgers en notarisse (c) Professionele verantwoordelikheid en etiek (d) Aspekte rondom die oordrag van onroerende eiendom, registrasie van verbande, serwitute en saaklike regte (e) Praktiese opstel van aktes en notariële dokumente

Bereddering van bestorwe boedels 801 (AOE 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Boedelreg (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Privaatreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

(a) Die beredderingsproses en wetgewing (b) Eksekuteuraanstelling en pligte (c) Metodes van likwidasie (d) Die likwidasie- en distribusierekening (e) Boedelbelasting (f) Opstel van die eksekuteursrekening

Aspekte van erfreg 801 (ASC 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Privaatreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

(a) Algemene beginsels van intestate en testate erfreg (b) Formaliteite en inkorporasie deur verwysing (c) Kondonasiebevoegdheid (d) Invloed van die Grondwet op erfopvolging (e) Pactum Successorium en boedelsamesmelting (f) Aspekte van herroeping en herlewing van testamente (g) Bevoegdheid om ‘n testament op te stel en bevoegdheid om te erf

Administratiefreg 802 (ASL 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	MPhil Opsie: Omgewingsreg (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Publiekreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Gevorderde studie van 'n seleksie van onderwerpe in die administratiefreg

Algemene beginsels van inkomstebelastingreg 801 (ATL 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Belastingreg (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week

Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

(a) Uitleg van belastingwetgewing (b) Bruto inkomste (c) Algemene aftrekkings (d) Spesifieke aftrekkings en toelaes (e) Vasgestelde verliese (f) Besware en appèlle (g) Reëls van die Belastinghof (h) Algemene belastingvermydingsartikel (GAAR)

Aspekte van trustreg 802 (AVT 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Privaatreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

(a) Die basiese trust-idee en die belang daarvan in die oprigting en administrasie van trusts (b) Die trust en ander instellings; anomalieë in die trustreg (c) Essentialia van die trust met die klem op probleme soos geïdentifiseer deur regspraak (d) Die juridiese konstruksie van die inter vivos-trust – ‘n kritiese evaluasie (e) Die beskerming van trustbevoordeeldes met spesifieke verwysing na die sogenaamde kernelemente van die trust (f) Partye tot die trust (g) Die trust en belasting (h) Die trust as instrument by boedelbeplanning

Besigheidsreg 210 (BER 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	16.00
Programme	BSc Geologie
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Basiese beginsels van die kontraktereg; koopreg; kredietooreenkomste, huurreg.

Besigheidsreg 220 (BER 220)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	16.00
Programme	BSc Geologie
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Eksamentoelating vir BER 210
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Arbeidsreg; aspekte van sekerheidstelling; insolvensiereg; ondernemingsreg; maatskappyereg; reg insake beslote korporasies en vennootskapsreg.

Besigheidsreg 310 (BER 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	16.00
Programme	BSc (Konstruksiebestuur) Konstruksiebestuur (3Jaar)
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Inleiding tot die reg. Algemene beginsels van kontrakreg. Spesifieke kontrakte: koopkontrakte, werkaannemingskontrakte. Verteenwoordigingsreg. Algemene aspekte van die ondernemingsreg. Dispuutbeslegting – mediasie en arbitrasie.

Belastingpraktyk 420 (BLP 420)

Kwalifikasie	Voorgraads

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Vir LLB (a) Hereregte (b) Belasting op toegevoegde waarde (c) Diverse belastingaangeleenthede

Belastingreg 310 (BLR 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Vir LLB (a) Grondbeginsels van inkomstebelasting (b) Berekening van inkomstebelasting betaalbaar (c) Kapitaalwinsbelasting

Belastingreg 410 (BLR 410)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Vir LLB (a) Basiese beginsels (b) Berekening van belasting betaalbaar (c) Bruto inkomste (d) Toelaatbare aftrekkings (e) Formule vir berekening van belasting betaalbaar (f) Besware en appèlle (g) Kapitaalwinsbelasting

Bankreg 802 (BNK 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Handelsreg (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

'n Gevorderde studie oor bankreg en die regulering van banke.

Bankreg – Capita Selecta 803 (BNK 803)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

'n Gevorderde studie in geselekteerde aspeckte van bankreg.

Bewysreg 300 (BWR 300)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Prosesreg
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Vir LLB (a) Basiese beginsels van die bewysreg en toelaatbaarheidsvereistes met betrekking tot spesifieke kategorieë van getuienis. (b) Bewysregtelike aspekte van getuienislewering en grondwetlike implikasies vir bewysreg.

Bewysreg 311 (BWR 311)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Prosesreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Vir LLB Basiese beginsels van die bewysreg en toelaatbaarheidsvereistes met betrekking tot spesifieke kategorieë van getuienis.

Bewysreg 321 (BWR 321)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Prosesreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Vir LLB Bewysregtelike aspekte van getuienislewering en grondwetlike implikasies vir bewysreg.

Strafprosesreglitigasie 801 (CCP 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Prosesreg (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Prosesreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die module behels ‘n capita selecta uit aktuele aspekte met betrekking tot die strafprosesreg. Aspekte wat behandel word, sluit in: (a) Problematiese aspekte met betrekking tot die toepassing en interpretasie van die Handves van Menseregte veral met betrekking tot voorverhoorprosedures (b) ‘n Kritiese analise van sekere aspekte rakende borg (c) Aangeleenthede rakende pleitooreenkomste (d) Afwenteling as 'n effektiewe alternatief vir vervolging

Inligtinggeletterdheid 121 (CIL 121)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	4.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Skool vir Inligtingtegnologie
Aanbiedingstydperk	Semester 1 en Semester 2

Module-inhoud

*Geen vrystellingseksamen nie Hoekom is rekenaars vir jou belangrik? Netwerke. Inligtingsbronne (insluitend die Departement Biblioteekdienste). Kwaliteit van inligting. Etiek, plagiaat en kopiereg. Internetsoektogte. Inligtingsoekstrategieë. Plek en toegang. Spesifieke soekomgewings (insluitend alle elektroniese databasisse en joernale van die Departement Biblioteekdienste toepaslik vir die betrokke fakulteit). Verwysingstegnieke. Gebruik, sintese en evaluering van inligting. Nuwe neigings. Inhoud spesifiek tot die Universiteit van Pretoria.

Siviele litigasie 801 (CLG 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Prosesreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Die module bestaan uit ‘n capita selecta van aktuele aspekte met betrekking tot siviele litigasie. Aspekte wat behandel word sluit in: (a) Teoretiese onderbou van siviele prosesreg (b) Klasaksies (c) Aansoekprosedure (d) Sekuriteit vir koste (e) Voorlopige vonnis en summiere vonnis (f) Impak van die Grondwet van 1996 op die siviele prosesreg (g) Aspekte van verhoorvoorbereiding (h) Spesiale interdikte

Kollektiewe arbeidsreg 802 (CLL 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Arbeidsreg (Gedoseer)
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module dek die volgende aspekte:
(a) Internasionale perspektiewe en die Suid-Afrikaanse Grondwet
(b) Vryheid van assosiasie en die verpligting tot kollektiewe bedinging
(c) Stakings en uitsluitings
(d) Private en verpligte geskilbeslegting
(e) Onbillike diskriminasie en regstellende aksie

Reg en die gemeenskap 420 (CLW 420)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	10 uur gemeenskapsbetrokkenheid, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Regsleer
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Vir LLB
Die module behels beide `n teoretiese en `n gemeenskapsbetrokkenheid komponent.
TEORETIES
(a) Verskillende opvattings van gemeenskap
(b) Die impak van die reg op die alledaagse lewe van mense en gemeenskappe
(c) Die invloed vand die reg en die gemeenskap/sosiologie van die reg/ "Streetlaw"
(d) Die Suid-Afrikaanse konteks
(e) Populêre geregtigheid/Toegang tot geregtigheid

GEMEENSKAPSBETROKKENHEID
(a) Deelname aan plaaslike gemeenskapsprojekte
(b) Aanbieding van seminare met regstemas by skole, fabrieke, tronke en ander plaaslike gemeenskappe
(c) Opstel van inligtingbrosjures en uitvoer van navorsing oor regstemas vir plaaslike gemeenskapsliggame.

Analise van die Suid-Afrikaanse Grondwet en menseregte 801 (CMR 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Publiekreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module behels ‘n analise van die basiese vraagstukke van die Suid-Afrikaanse menseregtebestel. Dit plaas die grootste klem op vraagstukke ten aansien van die prosedure en struktuur van Handves van Regte-analise. Die module dek ook ontwikkeling ten opsigte van ‘n aantal van die sekere kernregte van die Suid-Afrikaanse Grondwet – gelykheid, menswaardigheid en uitdrukking.

Staatsreg 801 (CSL 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Staats- en Administratiefreg (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Publiekreg

Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

(a) Heroorweging van grondwetlike soewereiniteit en die wisselwerking daarvan met populêre soewereiniteit (b) Konstitusionele dinamika – (versweë) konstitusionele verandering op wyses anders as wat die grondwet magtig (c) ‘n Kritiese heroorweging van skeiding van magte, regterlike onafhanklikheid en onpartydigheid en die impak van judisiële hersiening in die hedendaagse staat (d) Oorweging van legaliteit en konstitusionaliteit in die lig van tersaaklike regspraak (e) Die grondslag van die staat, doeltreffendheid en legitimiteit in die besonder te midde van grootskaalse geweldsmisdaad (f) Samewerkende regering in die Suid-Afrikaanse grondwetlike praktyk (g) Grondwetlike waardes met besondere verwysing na demokrasie in die Suid-Afrikaanse grondwet (h) Die regsaansprake van gemeenskappe in die kontemporêre staatsreg (i) Nuwe tendense in die Suid-Afrikaanse grondwetlike jurisprudensie in die plaaslike en internasionale akademiese diskoers

Individuele en korporatiewe belasting 802 (CTI 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Belastingreg (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

(a) Byvoordele (b) LBS (c) Arbeidsmakelaars en persoonlike dienstemaatskappye (d) Skenkingsbelasting (e) Boedelbelasting (f) Kapitale winsbelasting (g) Dividende en SBM (h) Aftrekbaarheid van rente (i) Gestruktureerde finansiering (j) Alternatiewe befondsing en finansiële instrumente (k) Spesiale reëls mbt maatskappye (l) Klein besigheidsentiteite (m) Spesiale belastingbetalers

Demokratisering in Afrika 801 (DIA 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MPhil Opsie: Menseregte en Demokratisering in Afrika
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Sentrum vir Menseregte
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module ondersoek die aard van die staat en probleme van staatsbou en grondwetlike verandering in Afrika; verskaf ‘n inleiding tot staatsregtelike konsepte soos skeiding van magte, federalisme en desentralisasie en die toepassing daarvan in Afrika; en ondersoek die oorsake en regstelling van konflik in Afrika.

Aspekte van egskeidingsreg 801 (DLA 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Privaatreg (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Privaatreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module handel primêr met regsaspekte wat tydens egskeiding ter sprake kom, insluitende die volgende: (a) Gronde vir egskeiding – hier word veral gefokus op die moontlikheid om ‘n enkele grond vir egskeiding daar te stel (b) Herverdelingsbevele (c) Verbeuringsbevele (d) Onderhoudsooreenkomste (e) Reël 43-aansoeke (f) Kinders en egskeiding – veral na die inwerkingtreding van die nuwe Kinderwet 38 van 2005

Onderwysreg en -beleid 802 (DLP 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Privaatreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Capita selecta uit enige van die volgende: (a) Grondwetlike onderwysreg van toepassing op skole (b) Beginsels van skolereg met betrekking tot eerders en/of hulle ouers (c) Deliktuele aanspreeklikheid in skoolverband (d) Enige ander gedeelte van die reg met betrekking tot skole

Deliktereg 320 (DLR 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BCom Regte

Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Privaatreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Vir LLB en BA/BCom met spesialisering in regte (a) Algemene beginsels van die deliktereg (b) Capita selecta uit die beginsels van toepassing op besondere delikte

Proefskrif en mondelinge verdediging: Regsgeleerdheid. 990 (DPI 990)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	400.00
Programme	DPhil. DPhil.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Regsgeleerdheid Dekaanskantoor
Aanbiedingstydperk	Jaar

Derdepartyvergoedingsreg 420 (DVR 420)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Handelsreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Vir LLB (a) Aanspreeklikheidsgrondslag en vereistes t.o.v. eise indien eienaar en/of bestuurder geïdentifiseer is (b) Aanspreeklikheidsvereistes by tref-en-trap-eise (c) Uitsluiting van aanspreeklikheid van die Padongeluksfonds (d) Beraming van skadevergoeding (e) Beperkings op verhaalbare skade (f) Verjaring (g) Eisehantering (h) Verhaalsreg van die Padongeluksfonds

Erkende en alternatiewe lewensvenootskappe 802 (EAL 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00

Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Privaatreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

(a) Burgerlike verbindings (b) Gebruiklike huwelike (c) Godsdienstige huwelike (d) Ander/alternatiewe lewensvennootskappe

Die reg tot, en regulering van natuurlike hulpbronne 801 (EIL 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Ontginningsbedryfsreg in Afrika (Gedoseerd)
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Publiekreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Module word slegs in Engels aangebied: The objective of this module is to equip students with a thorough understanding of the legal and policy aspects of natural resources and the regulation of natural resources and industries to extract natural resources. Topics include: (a) Industry background such as the extractive industry value chain and the role of extractive industries in national, regional and global economies, basic extractive industry business and project feasibility metrics, typical national public policy priorities, the differences between the mining and oil and gas industries, gas industry specifics, the various downstream industries (smelters, refineries and petrochemical and energy industries and policy issues pertaining to renewable energy and unconventional extraction methods such as hydraulic fracturing ("fracking"); (b) Natural resource and extractive industry policy concepts and regulatory options; (c) Ownership of mineral rights dispensations (state versus private ownership of mineral rights), the legal position of the owner of the land and the owner of the products of extraction; (d) The advantages and disadvantages of the main granting methodologies applied by host governments including concessions, production sharing agreements, participation agreements, services agreements and hybrid methods; (e) Typical conditions to obtain, renew or transfer exploration or extraction rights and the veracity of the public policy basis of such requirements; (f) Agreements and transactions to transfer rights to prospect and/or to extract; (g) Constitutional and administrative law aspects of relevance in dealing with extractive industry legislation and regulation including the legality of administrative processes governed by an Act such as the MPRD Act and related regulation, the right of third parties to be heard in applications by resource companies under the MPRD Act and the constitutionality of the conversion of "old order mineral rights" to "new order mineral rights".

Volhoudbaarheidsaspekte van ontginningsbedrywe 802 (EIL 802)

Kwalifikasie	Nagraads

Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Ontginningsbedryfsreg in Afrika (Gedoseerd)
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Publiekreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Module word slegs in Engels aangebied. The objective of this module is to equip students with a thorough understanding of the sustainability aspects of extractive industries. Topics include: (a) A general introduction to sustainability, sustainable development, corporate social responsibility, good governance as it pertains to governments and good corporate governance; (b) International, regional and national instruments related to sustainability aspects of extractive industries such as the protection of human rights, forced labour, inappropriate security practices, "conflict minerals" and "blood diamonds" (including the Kimberley Process Certification Scheme and the US Dodd-Frank Act and SEC disclosure requirements); the Extractive Industry Transparency Initiative (EITI) and the UN Global Compact; [US Dodd-Frank Act; (c) Safety, health and environmental (SHE) aspects of extractive industries including emerging issues such as climate change and personal criminal liability of directors and officers for SHE contraventions; (d) Corporate governance and company law developments of relevance to sustainability including the King 3 Code and similar Codes internationally, Responsible Investment Codes, the role of Social and Ethics Committees as required by the Companies Act 2008, sustainability indexes of the stock exchanges such as the JSE SRI Index and the Dow Jones Sustainability Index, public reporting on sustainability and international reporting guidelines such as the Global Reporting Initiative

Die Suid-Afrikaanse Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleum 803 (EIL 803)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Ontginningsbedryfsreg in Afrika (Gedoseerd)
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Publiekreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Module word slegs in Engels aangebied. The objective of this module is to equip students with a thorough understanding of conceptual and practical aspects of the South African Mineral and Resources Development Act and related jurisprudence.

Internasionale regsaspekte van ontginningsbedrywe 804 (EIL 804)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	30.00
Programme	LLM Opsie: Ontginningsbedryfsreg in Afrika (Gedoseerd)

Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Publiekreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

